

Ontmoeting 8

Jesus en die Emmausgangers

Teks: Luk 24:13 - 15

Hulpmiddels:

- viltbord met 3 figure: Jesus en die 2 Emmausgangers
- prent van broodjie
- Kopieë van die strokiesverhaal



WELKOM

Sing: “Ek is nie ‘n stapsoldaatjie nie” (Jan de Wet en die Loflaaitjies 2)

“Hy leef, Hy leef, Hy leef” (Lofkleuters 1)

“Jesus leef” (Lofkleuters 1)

“Voel”-speletjie: Plaas ‘n paar bekende goed in ‘n kussingsloop of sak, bv. potlood, plastiekglasie, vrug, liniaal, balletjie, rekkie, ens. Elke kind kry ‘n kans om sy hand in te steek, aan ‘n item te voel en te raai wat dit is. Daarna haal hy/sy dit uit en kyk of hy/sy reg is.



WYDING

Temalied: Kingdom rock: “We will stand together” (Kry op die webtuiste of Facebook blad)

Stilword-ritueel:

Maak jou oë toe en dink aan ‘n keer toe jy baie gelukkig was. Dit is dalk die heel lekkerste ding wat jy gedoen het of wat met jou gebeur het. Dalk was dit toe jy by iemand was wat jou baie lief het. Dink aan God wat jou BAIE lief het. Ek wonder hoe laat dit jou voel. Sê vir God dankie vir Sy liefde.



WOORD

Gebruik ‘n viltbord en prente om die volgende storie te vertel:

Twee mans wat altyd by Jesus se dissipels was, was op pad van Jerusalem af na die dorpie Emmaus toe. Emmaus was omtrent 12 km van Jerusalem af. Hulle het met mekaar gepraat oor alles wat met Jesus gebeur het. Hulle was bitter hartseer dat Hy gekruisig is. Terwyl hulle daarvoor wonder en praat, het Jesus self nader gekom en saam met hulle geloop. Hulle het Hom glad nie herken nie. Hy vra toe vir hulle: “Waaroor loop julle so met mekaar en praat?”

Die twee mans het gaan staan. Hulle was baie hartseer. Kleopas, een van die mans, vra vir Jesus: “Woon jy nie in Jerusalem nie? Weet jy nie van al die dinge wat hier gebeur het in die dae wat verby is nie?”

Jesus het vir hulle gevra: “Watter dinge?”

Die twee mans vertel toe vir Jesus die hele verhaal van hulle vriend, Jesus, wat gevang, gekruisig en begrawe is. (Hulle kom nog nie agter Wie saam met hulle stap nie.) “En nou hoor ons daar is van ons vriende wat sê dat hulle Hom gesien het, dat Hy opgestaan het uit die dood”, het hulle baie ontsteld vir Jesus vertel. Jesus het begin om geduldig aan hulle verduidelik wat Moses en al die profete oor Hom geskryf het. Hy het vir hulle vertel dat God belowe het dat Sy Seun weer sou opstaan uit die dood.

Hulle het aandagtig na elke woord wat Jesus sê, geluister en voor hulle hul kom kry was die 12km verby en was hulle in Emmaus. Jesus het gemaak of Hy verder wou loop. Die twee mans wou meer hoor en nooi vir Jesus om by hulle te bly. Dit was al amper aand. Jesus het saam met hulle by die huis ingegaan en by hulle gebly. Hulle het gaan aansit om te eet en Jesus het die brood geneem (soos Hy altyd gedoen het toe Hy voor sy kruisiging saam met sy dissipels was) en God gedank daarvoor. Hy

het die brood gebreek en vir die twee mans gegee. Toe het God hulle laat sien dat dit Jesus was. Maar Jesus het skielik verdwyn en hulle kon Hom nie meer sien nie.

Die mans het nou beseft waarom Jesus so opgewonde was om vir hulle alles te vertel en uit die Bybel te verduidelik. Hulle het dadelik opgestaan en in die donker na Jerusalem teruggegaan. Daar het hulle die elf dissipels en ook ander mense by hulle gekry. Hulle was opgewonde besig om te vertel dat hulle vir Jesus gesien het, toe Jesus skielik tussen hulle staan en vir hulle sê: "Vrede vir julle!" Almal het groot geskrik en gedink dis 'n spook, maar toe hulle aan Hom vat, het hulle gevoel dat dit regtig Hy was.

Die kinders dink na oor die verhaal:

1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste.
3. Ek wonder hoe dit sou gevoel het om aan Jesus te raak.



WERSKAF

- ♦ Sandbak met mannetjies om die storie uit te speel.
- ♦ Teken 'n kronkelpaadjie op die sement of met tou op die vloer. Elke kind kan rustig daardeur stap soos wat die Emmausgangers saam met Jesus gestap het.
- ♦ Voorsien ekstra bakke sand waarop die kinders spoortjies kan vorm met hulle handjies.
- ♦ Voorsien papier en verf. Sit 'n voorbeeld neer van 'n voetafdruk of twee.
- ♦ Deel kopieë uit van die strokiesverhaal van die Emmausgangers se ontmoeting met Jesus. Die kinders kan dit inkleur en/of dit gebruik om die storie by die huis te gaan vertel.

Sluit af met die seënbede:

(Almal hou hande vas in 'n kring; die kinders herhaal agter die aanbieder aan.)

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;

Dankie, Heer, vir die maatjies langs ons;

Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.

Amen



Brode (bo) om saam met Emmausgangers en Jesus (links) te gebruik vir ontmoeting 8.

Gebruik gerus hierdie prente op 'n viltbord. Knip die prente mooi uit en plak 'n lang strook vilt agterop elkeen. 'n Mens kan vilt of flennie op 'n stewige karton of hout of selfs die kante van 'n 5-liter koeldrankboks plak om as 'n viltbord te gebruik.

Die pad na Emmaus

Erkenning: www.lambsongs.co.nz

Deur Jill Kemp

Geïllustreer deur Richard Gunther



Nadat Jesus dood is, was al sy vriende baie hartseer. Hulle het nie verstaan dat dit alles deel was van God se wonderlike plan nie.



Twee mans wat altyd by Jesus se dissipels was, was op pad na die dorpie Emmaus toe. Hulle was hartseer, want Jesus het aan die kruis gesterf terwyl hulle in Jerusalem was.



Die mans en hul vriende het gedink dat Jesus God se belofde Seun was, maar nou het Hy gesterf. En nou vertel party van Jesus se vriende dat Jesus uit die dood opgestaan het!



Terwyl hulle daarvoor loop en praat, kom stap 'n vreemdeling saam met hulle. "Hoekom is julle so hartseer?" vra Hy. Die twee mans vertel toe vir Hom die hele verhaal van hulle vriend, Jesus, wat gevang, gekruisig en begrawe is.



Nadat hulle vir Hom vertel het, het Jesus begin om geduldig aan hulle te verduidelik wat al die profete oor Hom geskryf het. Hy het vir hulle vertel dat God belowe het dat Sy Seun weer sou opstaan uit die dood.



Toe die twee vriende by hul huis kom, het hulle die Vreemdeling ingenooi vir ete. Hy het die brood geneem, dit gebreek en God gedank daarvoor dat Jesus vir hulle gesterf het.



Toe het God hulle laat sien dat dit Jesus was. Hy lewe! Maar Jesus het skielik verdwyn en hulle kon Hom nie meer sien nie.



Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggehardloop. Daar het hulle opgewonde vir die dissipels vertel dat hulle vir Jesus gesien het!